

PROTEÏENLEKKE

VOERMOL PROTEÏENBLOK

Klas: Proteïen- en Mineraalaanvulling vir Herkouers

VOERMOL PROTEÏENBLOK verskaf proteïen, minerale en Vitamien A en is spesifiek vir beeste en skape wat op proteïengebrekkige weidings wei of ruvoer gevoer word:

- is maklik hanteerbaar en gereed vir gebruik;
- is melassegebaseer wat smaaklikheid verbeter en inname stimuleer;
- stimuleer groei van rumen mikro-organismes wat droë materiaal inname bevorder;
- bevat benewens ureum ook goeie kwaliteit natuurlike proteïen;
- geskik vir herkouer wild.



SAMESTELLING VAN VOERMOL PROTEÏENBLOK

REG NR V10448 (Wet 36/1947) N-FF 0429

		(g/kg)			(mg/kg)
Ruproteïen*	(min)	280	Mangaan		100
Ureum	(maks)	78.2	Koper		25
Ruvesel	(maks)	30	Kobalt		0.3
Vog	(maks)	140	Yster		208
Kalsium	(maks)	48	Jodium		2.5
Fosfor	(min)	10	Sink		100
Magnesium	(min)	10	Selenium		0.5
Swael	(min)	4.5			
			Vitamien A (IE/kg)		12 750

*80.16 % afkomstig vanaf NPN

Verpakking – 25 kg

Sien ureumwaarskuwing

VOEDINGSINSTRUKSIES

Ten einde te voorkom dat honger diere hulle oorvreet, moet **Voermol Proteïenblok** te alle tye tydens die voerperiode beskikbaar wees. Die volgende riglyne kan gebruik word om te verseker dat diere hul regmatige inname kry.

Skape: Voorsien 1 **Voermol Proteïenblok** per 25 – 30 skape.

Beeste: Voorsien 1 **Voermol Proteïenblok** per 10 – 20 beeste.

AANBEVOLE INNAME

(g/dier/dag)

Skape (onderhoud): 100 – 140

Beeste: 600 – 650

Lakterende koeie: 650 – 800

Wild. Geskik vir herkouer wild as proteïenaanvulling op droë weiding.



VOERMOL

UREUMWAARSKUWING

UREUM

Die meeste lekke bevat ureum wat onder sekere omstandighede gevare inhou. Tydens die formulering en vervaardiging van **Voermol-lekke** word daar gepoog om die risiko van ureumvoeding so laag as moontlik te hou. Die voorkoms van ureumvergiftiging kan verder verlaag word deur op die volgende te let:

- gebruik lekke volgens voorskrif;
- beperk lekinname tot die voorgeskrewe maksimum vlak;
- voer lekke saam met voldoende weiding en/of ruvoer;
- tref spesiale voorsorg tydens voerskaarste (droogtetoestande) om hoë lekinname te voorkom;
- voorkom die oormatige aanvanklike lekinname (southonger) deur diere, vir die eerste 14 dae, toegang tot **Voermol Rumevite 6P** te gee;
- moenie dat die lek natreën nie.

Sien ureumwaarskuwing agter op sak.

UREUMWAARSKUWING

Hierdie veevoedsel bevat NPN-(Nie-Proteïen Stikstof) bronne en moet daarom streng volgens die gebruiksaanwysings vermeng en gevoer word.

- Asyn is 'n doeltreffende middel teen NPN-vergiftiging. Meng met gelyke hoeveelheid water en doseer 'n halwe bottel per kalf/skaap en 2 – 4 bottels per bees (1 bottel = 750 ml).
- Beskerm hierdie veevoedsel teen reën. NPN is oplosbaar en diere wat so 'n oplossing drink kan vergiftig word.
- Moet nie die veevoedsel onoordeelkundig saam met ander NPN-bevattende veevoedsels voer nie. Raadpleeg 'n veekundige.
- Meng hierdie konsentraat deeglik met die voorgeskrewe bestanddele.
- Hou lekbakke vol en verhoed dat honger diere hul oorvreet. 'n Konstante daaglikse voeriname voorkom vergiftiging.
- Voordat 'n NPN-bevattende lek gevoer word, moet 'n gewone sout/fosfaatlek vir minstens 7 dae gevoer word.

GMO OPMERKING

Hierdie dierevoedsel mag grondstowwe bevat wat van GMO (geneties gemodifiseerde organismes) oorsprong is.



VOERMOL